higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

RUIMTELIKE BEPLANNING TEORIE EN PRAKTIES N5

(10050345)

11 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Aftrekpapier en A4/A3 papier.

Kandidate mag kleurpotlode, meubelstensils, skaalliniaal, tekenstel, tekenbord of soortgelyke onderlegsel gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
RUIMTELIKE BEPLANNING TEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Eklektiese meubels	A	gaslampe
1.2	Kaaps-Hollandse muurbedekking	B	houtvloerplanke
1.3	Victoriaanse vensterafwerking	C	tussenstyl swaaivenster
1.4	Victoriaanse eetkamervloer	D	Adam-styl marmer
1.5	Victoriaanse kombuismeubels	E	blinding, kantgordyn en swaar drapering
1.6	Engelse kothuisvenster	F	elektriese muurblaker
1.7	Amerikaans-Koloniale sitkamer vuurherd	G	spieëltafel
1.8	Mediterreense vensterafwerking	H	blou houthortjies
1.9	Eduardiaanse beligting	I	afgewit
1.10	Modernistiese beligting	J	’n Davenport- en moderne stoel

(10 × 2) (20)

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK.

2.1 Daar is net een tipe kombuisuitleg.

2.2 Alle kombuise moet ’n huislike styl weerspieël.

2.3 Koop soveel toestelle vir ’n kombuis as wat jy dink jy nodig het.

2.4 Materiaal versag die harde en blink kombuis-oppervlakke.

2.5 ’n Venster met ’n gordyn bokant die stoof is nodig omdat dit goeie beligting vir kookwerk verskaf.

2.6 Die kook- en hoof- voedselvoorbereidingsarea is die hart van die kombuis.

Kopiereg voorbehou

2.7 Voldoende werkoppervlakke moet noukeurig beplan word.

2.8 Teëls is nie ’n praktiese werkoppervlak in ’n kombuis.

2.9 Die kombuis is nie ’n baie belangrike area in die huis nie.

2.10 Bêreplek is die laaste oorweging wanneer ’n kombuis beplan word.

2.11 In ’n kombuis word ’n yskas nie as ’n bêreplek beskou nie.

2.12 Bêreplek moet in areas in die huis geskep word wat uit die pad is.

2.13 Bêreplek in ’n huis moet voldoen aan die behoeftes van die inwoners.

2.14 Wanneer dit noukeurig beplan word, kan bêreplek funksioneel en dekoratief wees.

2.15 Rakke in ’n bêreplek moenie verstelbaar wees nie.

(10 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Identifiseer die volgende tipes kombuisuitlegte soos in die prente hier onder gesien kan word.



3.1



3.2



3.3



3.4



3.5

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK.

4.1 Aangesien ’n waskamer gedurende die dag gebruik word, (moet dit goeie lig hê/hoef dit nie goeie lig te hê nie).

4.2 Kontaksokke (mag/mag nie) langs waterkoppelings in die waskamer wees wees.

4.3 ’n Ingeboude drein (is/is nie) nodig in die vloer van ’n waskamer.

4.4 Teëls (is/is nie) ’n praktiese keuse van vloerbedekking vir ’n kombuis nie.

4.5 Vrugte en groente moet in ’n (ligte en helder/donker en koel) area geberg word.

4.6 Taakbeligting skep ’n (stemmingsatmosfeer/helder werkruimte) in ’n vertrek.

4.7 Gewoonlik word (net twee/veelvuldige) tipes beligting in ’n vertrek gebruik.

4.8 ’n Mens (kan/ kan nie) meer proppe by bestaande elektriese kontaksokke in ’n vertrek byvoeg nie.

4.9 Veiligheid op ’n trap word baie verbeter deur (voldoende beligting/matte).

4.10 Verlengingsokke (moet/hoef nie) individuele skakelaars hê/te hê.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Wat is die spesifieke vereistes wanneer ’n ingangsportaal beplan en versier word? (10)

5.2 5.2.1 Noem VYF bykomstighede vir die voordeur van ’n Mediterreense huis.

5.2.2 Watter van hierdie bykomstighede is funksioneel en watter is dekoratief?

(2 × 5) (10)

5.3 Bespreek die hoogtes van werkoppervlakke in ’n kombuis. (10)

5.4 Wat is die ergonomiese vereistes van ’n funksionele waskamer? (10)

[40]

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Jou kliënt het ’n enkelwoonstel gekoop om op Airbnb te verhuur. Dit is baie klein; sien die vloerplan in vraag 7 hier onder. Die groot vensters en skuifdeur front suid. Dit bied ’n pragtige uitsig oor die oseaan. Die kliënt dring daarop aan dat ’n TV kabinet gebruik kan word om boeke, ’n platskermtelevisiestel en klanktoerusting te berg.

6.1 Noem die onderskeie aktiwiteitsareas in hierdie woonarea. (5)

6.2 Watter tipes beligtingsvereistes word vir hierdie aktiwiteite benodig? (6)

6.3 Bespreek watter advies jy vir die kliënt sal gee oor die aankoop van al die meubels wat benodig word vir hierdie ruimte. (15)

6.4 Jy berei voor vir ’n voorlegging aan ’n kliënt:

6.4.1 Watter SEWE items moet voorberei word vir ’n volledige en professionele voorlegging?

6.4.2 Waarom is dit belangrik om hierdie items te hê wanneer jy ’n voorlegging maak?

(2 × 7) (14)

[40]

VRAAG 7

Bestudeer die skets van die woonstel hier onder.

Teken ’n vloerplan van die woonarea op skaal 1:50 wat die rangskikking en afwerking van die meubels aandui. Verwys na die skets hier onder vir afmetings. Beklemtoon die donker mure, waarvoor afmetings verskaf is.



7.1	Analise en interpretasie van die kliënt se opdrag Sonering: Beplanning, borreldiagramme, aktiwiteitsareas	(10)
7.2	Korrekte gebruik van skaal en aanduiding van afmetings	(15)
7.3	Korrekte gebruik van argitektoniese simbole	(8)
7.4	Uitleg en posisionering op A4 papier	(7)
7.5	Meubelrangskikking, korrekte groottes, korrekte plasing, getabuleerde meubelverklaring	(25)
7.6	Vloei van verkeer	(5)
		[70]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou